

1918 SPAANSE GRIEP

Honderd en twee jaar gelede, in die doodsnikke van die Eerste Wêreldoorlog, het die eerste swart troepeskepe uit Europa na Kaapstad begin terugkeer. Saam met die militêre personeel het die dodelikste virus in die land se geskiedenis ook aan wal gekom.

Die Groot Griep, Spaanse Griep of soos ons dit noem die 1918 griep, word deur dr Howard Phillips, 'n historikus van die Universiteit Kaapstad, bestempel as "die enkele mees vernietigende episode in Suid-Afrika se demokratiese geskiedenis".

Die epidemie (waarskynlik veroorsaak deur 'n soort voëlgriep) het die wêreld in 1918 in twee vlae getref, met die tweede vlag die dodelikste. Die eerste gevalle in Suid-Afrika was in September in Durban, veroorsaak deur 'n hoogs aansteklike, minder dodelike virus, wat ook na die binneland versprei het. Kaapstad is enkele dae later deur die dodelike tweede vlag getref. Na raming het ongeveer 14 000 mense binne sewe weke in September en Oktober 1918 in en om die Moederstad gesterf.

Amper die helfte van Suid-Afrika se bevolking van ongeveer 7 miljoen mense het die Groot Griep opgedoen. Wêreldwyd het tussen 24 miljoen en 40 miljoen mense gesterf. Suid-Afrika is op vier na die swaarste in die wêreld getref, met amper net soveel slagoffers as die VSA.

Dit het Kaapstad getref met die eerste swart troepe wat van die oorlog af teruggekeer het. Almal het aanvanklik net gedink dit is 'n verkoue.

Daar het siekes en dooies langs die pad gelê van Kaapstad se middestad tot in Seepunt. Daar was later nie meer kiste beskikbaar vir begrafnisse nie. Die skole het nie vir die vierde kwartaal heropen nie, kerkdienste is afgestel, teaters en bioskope is gesluit en hofsake is uitgestel.

In 1919 het die destydse eerste minister van die Unie van Suid-Afrika, generaal Louis Botha, ook siek geword aan die virus. Hy is egter nie aan die virus dood nie. Terwyl hy so siek was, het hy gewroeg met die feit dat hy en Generaal Jan Smuts met die Rebelle van 1914 soveel van hul eie mense laat doodskiet het. Hy het egter selfmoord gepleeg deur beide van sy polse te sny. Omdat hy selfmoord gepleeg het, het hy nie 'n staatsbegrafnis gekry nie, en is hy ook nie in Pretoria Wes begraaft nie, waar presidente en leiers van die land begrawe word, begrawe nie. Hy is in Rebekka Begraafplaas begrawe.

Verlede week is gemeld dat my ouma in Frankfort die griep opgedoen het, maar dit was foutief, die persoon was nie my ouma nie.

Quarta Pretorius







BLOEDSKENKDATUMS

save life **22 & 29** 

oblood **SEPT 2020** **SANBS**

MID-YEAR MADNESS

Valid from 11 Aug 2020 - 11 Sept 2020

<p>Single Compartment Locker Code: L005 / 1800 x 300 x 450 Top Shelf/Hang Rail Hasp & Staple to accom. padlock</p> <p>R1 019 Excl VAT</p> 	<p>Stationery Cabinet 1800 x 900 x 450 4 Shelves</p> <p>R2 257 Excl VAT</p> 	<p>4 Drawer Filing Cabinet 1320 x 470 x 630 4 Drawers</p> <p>R2 357 Excl VAT</p> 
<p>2 Compartment Locker Code: L010 1800 x 300 x 450 Hang Rail Only Hasp & Staple to accom. padlock</p> <p>R1 032 Excl VAT</p> 	<p>Office National 44 Els Street Heilbron Tel: 058 852 3033</p>	

IVORY/KAROO OR HAMMERTONE GREY ONLY

BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur: Wasgoed-gebed

Ek staan voor U Here, met my bondeltjie geestelike wasgoed. My mandjie loop oor. Dit is wasdag tussen U en my. Help my sorteer Here? Met U hoef ek nie op winkelrakke, vlekverwyderaars te soek nie. U ken my hart. Was my en hang my in U sonlig, of al wapper ek teensinnig in die wind van geregtigheid. Verwyder my nie van die lyn, voordat ek weer skoon en bruikbaar in U diens losgemaak kan word nie. In die wonderlike Naam van Jesus ... Bron: Gemeente blaadjie van NG Moedergemeente Heilbron